

9 November

Skrifgedeelte: Handeling 26:19-29 (OAV)

Fokusgedeelte: Handeling 26: 28

“n Amper – Christen

Paulus is besig om hom voor koning Agrippa en goewerneur Festus te verdedig. Hy hou 'n magtige redevoering. Met ooredende aandrang lê die waarheid beslag op die twee here. Die indruk op Festus laat hom uitroep: “Jy is kranksinnig, Paulus ...” Agrippa word so direk gekonfronteer dat hy sê: “Jy beweeg my byna om 'n Christen te word.”

Paulus se vurige rede gryp Agrippa aan. Hy is oorreed om in te stem met wat Paulus sê, al is dit met die verstand, maar nie met die hart nie. Hy sien hy kan nie anders nie, maar besef tegelyk dat as hy bely dat hy glo, gaan eise aan hom gestel word. Leer en lewe sal moet ooreenstem. Dit sal hom 'n taak oplê en hom 'n verantwoordelikheid besorg. Dinge wat hy nou geniet, sal hy moet prys gee. Dit wil hy nie! Hy kom dus nie tot 'n beslissing en 'n keuse nie. Ewe deftig en skynvroom maak hy dit af met 'n twyfelagtige kompliment aan Paulus.

Amper 'n Christen is nog nie 'n Christen nie. Amper raak is steeds mis en amper in die hemel is nog daarbuite. Amper salig is nog vir ewig verlore. Vreeslik as dit nie verder kom as *amper* nie.

Amper is dus lewensgevaarlik. Dit gee nie koers nie want dit maak nie 'n beslissing nie. Dit kom nie aan die gang nie en mis stuwende krag. Amper bereik nie doel nie. 'n Amper – mens is 'n tragiese mens. Wees gewaarsku!

Sing: Skrifberyming 33:1,3 Ds TA Liebenberg (Emeritus)